



PROGRAM & ABSTRAKTE

PROGRAMME & ABSTRACTS

24 - 26 Januarie 2024 | 24 - 26 January 2024

INHOUDSOPGawe | TABLE OF CONTENTS

Program Programme	4
---------------------------	---

Abstrakte | Abstracts

Maryna Adshade: Die aanlyn Woordeboek van die Afrikaanse Taal se hantering van sensitiewe leksikale items wat verwys na gestigmatiserde seksuele verskynsels The online Woordeboek van die Afrikaanse Taal's approach to sensitive lexical items that refer to stigmatised sexual phenomena	9
Marlé-Zanne Barnard: "Neutraliseer my vrou. Elimineer my kind": Die oordrag van posttraumatische stresversteuring van vader na gesin in Valda Jansen se <i>Hy kom met die skoenlappers</i> (2016) The transmission of post-traumatic stress disorder from father to family in Valda Jansen's <i>Hy kom met die skoenlappers</i> (2016)	11
Maret Blom de Wet: Die akademiese redigeerder as akteur binne die netwerk van akademiese redigering aan Suid-Afrikaans hoëronderwysinstellings: Gevallestudies The academic editor as actor within the network of academic editing in South African higher education institutions: Case studies	12
Dr Annie Burger: Gewone taal binne 'n revisieraamwerk Plain language within a revision framework	13
Marthie de Waal: 'n Ondersoek na die gebruik van voorsienbaarhede en gemengde leer in Afrikaanstalverwerwing vir dowe taalaanleerders An Investigation into the use of affordances and blended learning in Afrikaans Language Acquisition for deaf language learners	14
Jané de Wet: Die kantlynkinders, revolusiebeginners – 'n Ondersoek na die verskynsel van kultusliteratuur in Afrikaans The benchwarmers, revolution starters – An investigation into the phenomenon of cult literature in Afrikaans	15
Joanna Gouws: Tematiese resonansie en die invloed van intertekstualiteit: 'n resepsiestudie van die ontvangs van die vertoning van Tom Lanoye se drama <i>Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles</i> (2011) Thematic resonance and the influence of intertextuality: a study of the reception of the performance of Tom Lanoye's drama <i>Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles</i> (2011)	16
Natasha Harmse: Die objekkorrelaat as poëtiese tegniek in DJ Opperman se <i>Komas uit 'n bamboesstok</i> The objective correlative as a poetic technique in DJ Opperman's <i>Komas uit 'n bamboesstok</i>	17
Nicolette Harmse Steyn: 'n Verkenning en vergelyking van houdings en persepsies rakende Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië ná drie dekades van onafhanklikheid An exploration and comparison of attitudes and perceptions regarding Afrikaans in the Khomas region of Namibia after three decades of independence	18

Carla Lindt: Kaaps in opstelle: tekens van informalisering Kaaps in Afrikaans essays: signs of informalisation	19
Alana Lourens: Omstrede kwessies en politieke korrektheid in Afrikaanse jeugliteratuur met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se jeugboeke Controversial issues and political correctness in Afrikaans youth literature with specific focus on Zelda Bezuidenhout's youth books	20
Dr Susann Louw: Die ondersoek van genderkonstruksies in Afrikaanse tydskrifte: 'n Multidissiplinêre metodologie The investigation of gender constructions in Afrikaans magazines: A multidisciplinary methodology	21
Allison Matroos: 'n Ondersoek na die gebruik van gedigte vir tweedetaalstudente op universiteitsvlak aan die hand van die taakgebaseerde benadering: 'n Gevallestudie The use of poems for Afrikaans second-language acquisition students in a task-based approach: a case study	23
Carolyn Meads: 'n Ondersoek na die ideologiese invloed op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se <i>The Sound of Thunder</i> An investigation of the ideological influence on the Afrikaans retranslation of Wilbur Smith's <i>The Sound of Thunder</i>	24
Selwyn Milborrow: Aspekte van kwesbaarheid in die poësie van Vincent Oliphant Aspects of vulnerability in the poetry of Vincent Oliphant	25
Samantha Miller en Jana Klingenberg: Die evolusie en revolusie van die tydskrif <i>Ons Klyntji</i> : 'n Stem vir 'n post-apartheid identiteit The evolution and revolution of the e-zine <i>Ons Klyntji</i> : A voice for a post-apartheid identity	26
Asambese Mkumatela: 'n Ondersoek na die gebruik van vertaalmetodes deur Afrikaanstaalverwerwingstudente An investigation on the use of different translation methods by Afrikaans language acquisition students	27
Annika (Mouton) van der Linde: Die onvertaalbare olifant in die gedig: 'n Kwantumteoretiese benadering tot die interpretasie van poëtiese bewussyn in die metagedig "Kû" uit <i>op weg na kû</i> (2019) deur Breyten Breytenbach The untranslatable elephant in the poem: A quantum theoretical approach to the interpretation of poetic consciousness in the metapoem "Kû" from <i>op weg na kû</i> (2019) by Breyten Breytenbach	28
Andréa Müller: Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Lynthia Julius en Ryan Pedro in die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Metatekstuele ondersoek na beeldvorming Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Lynthia Julius and Ryan Pedro in the Afrikaans literary system: A metatextual investigation of image	30
Dr Jaydey Sass: Help vreemdtaalstudente met hulle uitspraak Help foreign language students with pronunciation	31
Aletta Simpson: Wit broosheid en witheid: <i>In my vel</i> (2019) deur Azille Coetzee White fragility and whiteness: <i>In my vel</i> (2019) by Azille Coetzee	32
Dr Danie Stander: Die opdiep van vrouebewussyn in Reza de Wet se <i>On the Lake</i> Surfacing woman-consciousness in Reza de Wet's <i>On the Lake</i>	33
Simone Strümpfer: Kuns as kommoditeit: Beeldvorming en bemarking betreffende Danie du Toit se digkuns Creativity as commodity: Imaging and marketing in the work of Danie du Toit	34
Lerie Tredoux: Die agentskap van 'n vertaler in 'n produksienetwork: 'n gevallestudie The agency of a translator in a production network: A case study	35

U S A N 2 0 2 4

Elodi Troskie: Plek-trauma-verbintenis: Dominique Botha se <i>Donkerberg</i> (2021) as begeleidingsbundel vir <i>Valsrivier</i> (2013) Place-trauma connections: Dominique Botha's <i>Donkerberg</i> (2021) as a guiding text for <i>Valsrivier</i> (2013)	36
Kruger Uys: 'n Edusemiotiese benadering tot multimodale poësieonderrig vir Afrikaans An edusemiotic approach to multimodal poetry education for Afrikaans	38
Anke van der Merwe: Breyten Breytenbach se poësie: 'n Tematiese ondersoek na die voorkoms van laatwerk Breyten Breytenbach's poetry: A thematic analysis on the appearance of late style	39
Kanja van der Merwe: Die nut van taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding Utilising language learning strategies for process-oriented interpreter training	40
Merlyn van der Rheeide: 'n Kritiese ondersoek na die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe A critical investigation into the language shift away from Afrikaans in urban Coloured middle-class communities	41

PROGRAM | PROGRAMME

DAG 1 | DAY 1

Woensdag 24 Januarie | Wednesday 24 January

- 09:30** Koffie en tee | Coffee and tea
Registrasie | Registration
Foyer, tweede vloer | Foyer, second floor
- 10:15** Ampelike verwelkoming | Formal welcoming
Lokaal 227 | Room 227
- 10:30** **Hoofreferaat | Plenary paper: Dr Elbie Adendorff, Universiteit Stellenbosch**
Die navorsingslandskap van Afrikaanse Taalverwerwing | The research landscape of Afrikaans Language Acquisition
Lokaal 227 | Room 227
- 11:30** Koffie en tee | Coffee and tea
Foyer, tweede vloer | Foyer, second floor
-

SESSIE 1 | SESSION 1

- | | |
|---|--|
| <p>Lokaal 227 Room 227
Voorsitter: Chair: Dr Danie Stander</p> <p>12:00 Natasha Harmse,
Universiteit Stellenbosch
Die objekkorrelaat as poëtiese tegniek in DJ Opperman se <i>Komas uit 'n bamboesstok</i> The objective correlative as a poetic technique in DJ Opperman's <i>Komas uit 'n bamboesstok</i></p> <p>12:35 Anke van der Merwe,
Universiteit Stellenbosch
Breyten Breytenbach se poësie: 'n Tematiese ondersoek na die voorkoms van laatwerk Breyten Breytenbach's poetry: A thematic analysis on the appearance of late style</p> | <p>Lokaal 229 Room 229
Voorsitter: Chair: Asambese Mkumatela</p> <p>Nicolette Harmse Steyn,
Universiteit van Namibië
'n Verkenning en vergelyking van houdings en persepsies rakende Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië ná drie dekades van onafhanklikheid An exploration and comparison of attitudes and perceptions regarding Afrikaans in the Khomas region of Namibia after three decades of independence</p> <p>Merlyn van der Rheede,
Universiteit Stellenbosch
'n Kritiese ondersoek na die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe A critical investigation into the language shift away from Afrikaans in urban Coloured middle-class communities</p> |
|---|--|

13:05 Etensuur | Lunch break
Middagete word nie voorsien nie | Lunch is not provided

SESSIE 2 | SESSION 2

Lokaal 227 | Room 227
Voorsitter: | Chair: Joanna Gouws

Lokaal 229 | Room 229
Voorsitter: | Chair: Dr Susann Louw

- | | |
|---|--|
| <p>14:15 Elodi Troskie,
Universiteit van Kaapstad
Plek-trauma-verbintenis: Dominique Botha se <i>Donkerberg</i> (2021) as begeleidingsbundel vir <i>Valsrivier</i> (2013) Place-trauma connections: Dominique Botha's <i>Donkerberg</i> (2021) as a guiding text for <i>Valsrivier</i> (2013)</p> | <p>Andréa Müller,
Universiteit Stellenbosch
Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Lynthia Julius en Ryan Pedro in die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Metatekstuele ondersoek na beeldvorming Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Lynthia Julius and Ryan Pedro in the Afrikaans literary system: A metatextual investigation of image</p> |
| <p>14:50 Alana Lourens,
Universiteit Stellenbosch
Omstrede kwessies en politieke korrektheid in Afrikaanse jeugliteratuur met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se jeugboeke Controversial issues and political correctness in Afrikaans youth literature with specific focus on Zelda Bezuidenhout's youth books</p> | <p>Simone Strümpfer,
Universiteit Stellenbosch
Kuns as kommoditeit: Beeldvorming en bemarking betreffende Danie du Toit se digkuns Creativity as commodity: Imaging and marketing in the work of Danie du Toit</p> |
| <p>15:25 Jané de Wet,
Nelson Mandela Universiteit
Die kantlynkinders, revolusiebeginners – 'n Ondersoek na die verskynsel van kultusliteratuur in Afrikaans The benchmarkers, revolution starters – An investigation into the phenomenon of cult literature in Afrikaans</p> | <p>Allison Matroos,
Universiteit Stellenbosch
'n Ondersoek na die gebruik van gedigte vir tweedetaalstudente op universiteitsvlak aan die hand van die taakgebaseerde benadering: 'n Gevallestudie The use of poems for Afrikaans second-language acquisition students in a task-based approach: a case study</p> |

DAG 2 | DAY 2

Donderdag 25 Januarie | Thursday 25 January

09:00 Lesing | Lecture: Dalene Joubert, Universiteit Stellenbosch

My navorsing en KI(e) | My research and (A)
Lokaal 227 | Room 227

10:00 Koffie en tee | Coffee and tea
Foyer, tweede vloer | Foyer, second floor**SESSIE 3 | SESSION 3**

Lokaal 227 | Room 227
Voorsitter: | Chair: Kanja van der Merwe

Lokaal 229 | Room 229
Voorsitter: | Chair: Carolyn Meads

**11:00 Dr Jaydey Sass,
Universiteit Stellenbosch**
Help vreemdetaalstudente met hulle
uitspraak | Help foreign language
students with pronunciation

**Selwyn Milborrow,
Nelson Mandela Universiteit**
Aspekte van kwesbaarheid in die poësie van
Vincent Oliphant | Aspects of vulnerability in the
poetry of Vincent Oliphant

**11:35 Asambese Mkumatela,
Nelson Mandela Universiteit**
'n Ondersoek na die gebruik van
vertaalmetodes deur
Afrikaanstaalverwerwingstudente | An
investigation on the use of different
translation methods by Afrikaans
language acquisition students

**Joanna Gouws,
Universiteit Stellenbosch**
Tematiese resonansie en die invloed van
intertekstualiteit: 'n resepsiestudie van die
ontvangs van die vertoning van Tom Lanoye se
drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en
Gilles* (2011) | Thematic resonance and the
influence of intertextuality: a study of the
reception of the performance of Tom Lanoye's
drama *Bloed en rozen: het lied van Jeannes en
Gilles* (2011)

**12:10 Carla Lindt,
Universiteit van Wes-Kaapland**
Kaaps in opstelle: tekens van
informalisering | Kaaps in Afrikaans
essays: signs of informalisation

**Annika (Mouton) van der Linde,
Universiteit van Namibië, Universiteit
Stellenbosch**
Die onvertaalbare olifant in die gedig: 'n
Kwantumteoretiese benadering tot die
interpretasie van poëtiese bewussyn in die
metagedig "Kû" uit *op weg na kû* (2019) deur
Breyten Breytenbach | The untranslatable
elephant in the poem: A quantum theoretical
approach to the interpretation of poetic
consciousness in the metapoem "Kû" from *op
weg na kû* (2019) by Breyten Breytenbach

12:45 Etensuur | Lunch break
Middagete word nie voorsien nie | Lunch is not provided

SESSIE 4 | SESSION 4

	Lokaal 227 Room 227 Voorsitter: Chair: Dr Annie Burger	Lokaal 229 Room 229 Voorsitter: Chair: Natasha Harmse
13:45	Kanja van der Merwe, Universiteit Stellenbosch Die nut van taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding Utilising language learning strategies for process-oriented interpreter training	Samantha Miller en Jana Klingenberg, Universiteit van Pretoria Die evolusie en revolusie van die tydskrif <i>Ons Klyntji</i> : 'n Stem vir 'n post-apartheid identiteit The evolution and revolution of the e-zine <i>Ons Klyntji</i> : A voice for a post-apartheid identity
14:20	Maret Blom de Wet, Universiteit Stellenbosch Die akademiese redigeerder as akteur binne die netwerk van akademiese redigering aan Suid-Afrikaans hoëronderwysinstellings: Gevallestudies The academic editor as actor within the network of academic editing in South African higher education institutions: Case studies	Aletta Simpson, Universiteit Stellenbosch Wit broosheid en witheid: <i>In my vel</i> (2019) deur Azille Coetzee White fragility and whiteness: <i>In my vel</i> (2019) by Azille Coetzee
15:05	Koffie en tee Coffee and tea Foyer, tweede vloer Foyer, second floor	

SESSIE 5 | SESSION 5

	Lokaal 227 Room 227 Voorsitter: Chair: Elodi Troskie	Lokaal 229 Room 229 Voorsitter: Chair: Maret Blom de Wet
15:45	Carolyn Meads, Universiteit Stellenbosch 'n Ondersoek na die ideologiese invloed op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se <i>The Sound of Thunder</i> An investigation of the ideological influence on the Afrikaans retranslation of Wilbur Smith's <i>The Sound of Thunder</i>	Marthie de Waal, Universiteit Stellenbosch 'n Ondersoek na die gebruik van voorsienbaarhede en gemengde leer in Afrikaanstalerverwerwing vir dowe taalaanleerders An investigation into the use of affordances and blended learning in Afrikaans Language Acquisition for deaf language learners
16:20	Dr Danie Stander, Universiteit Stellenbosch Die opdiep van vrouebewussyn in Reza de Wet se <i>On the Lake</i> Surfacing woman-consciousness in Reza de Wet's <i>On the Lake</i>	Kruger Uys, Universiteit van Pretoria 'n Edusemiotiese benadering tot multimodale poësieonderrig vir Afrikaans An edusemiotic approach to multimodal poetry education for Afrikaans
17:00	Skemerkelkie Cocktail function Pizza, wyn en poësie Pizza, wine and poetry Foyer, tweede vloer Foyer, second floor	

DAG 3 | DAY 3

Vrydag 26 Januarie | Friday 26 January

- 09:00** **Paneelbespreking | Panel discussion:** **Danie Marais, dr Willem Anker, dr Alfred Schaffer, prof Antjie Krog, Natasha Harmse, Fanie Naudé**
Kreatiewe skryfkunde: Piramide-skema, 'n handleiding oor hoe om jou vrou of man te vry, literêre rubberstempel of 'n kwantumsprong na uitnemendheid en publikasie? | Creative writing courses: Ponzi scheme, a guide to making love to your partner, celebrity endorsement, or a quantum leap to excellence and publication?
Lokaal 227 | Room 227
- 10:00** Koffie en tee | Coffee and tea
Foyer, tweede vloer | Foyer, second floor
- 10:30** **Lesing | Lecture:** **Prof Ted Sanders, Universiteit Utrecht, Nederland**
The cognition of coherence relations and connectives: Converging evidence from language use, acquisition and discourse processing
Lokaal 227 | Room 227
- 11:30** Koffie en tee | Coffee and tea
Foyer, tweede vloer | Foyer, second floor

SESSIE 6 | SESSION 6

Lokaal 227 | Room 227
Voorsitter: | Chair: Maryna Adshade

Lokaal 229 | Room 229
Voorsitter: | Chair: Alana Lourens

- 12:00** **Dr Annie Burger,
Universiteit Stellenbosch**
Gewone taal binne 'n revisieraamwerk | Plain language within a revision framework
- Dr Susann Louw,
Universiteit van Wes-Kaapland**
Die ondersoek van genderkonstruksies in Afrikaanse tydskrifte: 'n Multidissiplinêre metodologie | The investigation of gender constructions in Afrikaans magazines: A multidisciplinary methodology

- 12:35** **Lerie Tredoux,
Universiteit Stellenbosch**
Die agentskap van 'n vertaler in 'n produksienetwerk: 'n gevalllestudie | The agency of a translator in a production network: A case study

-
- 13:10** Afsluiting | Closing of conference

ABSTRAKTE | ABSTRACTS

Maryna Adshade, Universiteit Stellenbosch

(Plakkaat)

Die aanlyn *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* se hantering van sensitiewe leksikale items wat verwys na gestigmatiseerde seksuele verskynsels | The online *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*'s approach to sensitive lexical items that refer to stigmatised sexual phenomena

Woordeboeke is gesaghebbende bronre wat bepaalde kulturele en sosiale patrone wat byna onvermydelik in taal weerspieël word, kan versterk en in stand hou. Leksikograwe moet daarom versigtig wees in hulle bewerking van veral sensitiewe leksikale items, oftewel daardie items wat kwetsend en neerhalend kan wees en met negatiewe konnotatiewe waardes gepaard kan gaan. Dít geld ook die aanlyn *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) wat poog om tred te hou met die Afrikaanse taal in sy ruimste omvang, en onder andere met sensitiewe leksikale items wat skakel aan mense se seksuele praktyke en voorkeure.

Hierdie plakkaat bied 'n oorsig oor die studie waarop dit gegrond is, wat dit ten doel het om kritiese kommentaar te lewer op die aanlyn WAT se hantering van lemmas wat verwys na gestigmatiseerde seksuele oriëntasies en voorkeure. Die plakkaat gee eerstens 'n opsomming van die aanlyn WAT se aard en omvang, asook die woordeboek se benadering tot die hantering van die tersaaklike lemmas. Tweedens word enkele punte van kritiek gelewer deur die WAT se benadering te vergelyk met dié van twee ander aanlyn woordeboeke, naamlik die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* en die *Woordeboek van Afrikaans Vandag*. Daar word derdens voorstelle gemaak ter verbetering van die WAT se bewerking van hierdie kategorie lemmas.

Die teoretiese benadering en metode tot die kritiek is gegrond op die formele leksikografieteorie, spesifiek op Wiegand se Algemene Leksikografieteorie (Wiegand, 1984; Wiegand 1998) en Bergenoltz en Tarp se Funksieteorie (Bergenoltz & Tarp, 2002; Bergenoltz & Tarp, 2003; Tarp, 2008). Dele van Kaplan (2020a; 2020b) se teoretiese model vir die voorbereiding van 'n inklusiewe woordeboek sonder duidelike vooroordele en ideologieë kom ook aan bod. Naas metaleksikografiese teorieë word enkele aspekte vanuit kritiese diskopersanalise (KDA) betrek.

Bronnelys

- Bergenholtz, H. & Tarp, S. 2002. Die moderne lexikographische Funktionslehre. Diskussionsbeitrag zu neuen und alten Paradigmen, die Wörterbücher als Gebrauchsgegenstände verstehen.
Lexicographica, 18:253–263, doi:10.1515/9783484604476.253
- Bergenholtz, H. & Tarp, S. 2003. Two Opposing Theories: On H.E. Wiegand's Recent Discovery of Lexicographic Functions. *Hermes – Journal of Linguistics*, 31:171–196, doi:10.7146/hjlcb.v16i31.25743
- Kaplan, S.M. 2020a. A Theoretical Model for the Preparation of an Inclusive and Bias-Free Expression Dictionary. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/107754> [2023, Februarie 27].
- Kaplan, S.M. 2020b. "Boys will be boys": An example of biased and exclusive usage. *Lexicographica*, 36:205–223, doi:10.1515/lex-2020-0011
- Wiegand, H.E. 1984. On the Structure and Contents of a General Theory of Lexicography, in R.R.K. Hartmann (red.), *LEXeter '83 Proceedings*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag. 13–30.
- Wiegand, H.E. 1998. *Wörterbuchforschung*. Berlyn: De Gruyter.

Marlé-Zanne Barnard, Universiteit Stellenbosch (Plakkaat)

"Neutraliseer my vrou. Elimineer my kind": Die oordrag van posttraumatische stresversteuring van vader na gesin in Valda Jansen se *Hy kom met die skoenlappers* (2016) | The transmission of post-traumatic stress disorder from father to family in Valda Jansen's *Hy kom met die skoenlappers* (2016)

Volgens Apollis (2020:4) word die oeuvre van Afrikaanssprekende skrywers van kleur tradisioneel deur 'n feministiese en/of postkoloniale lens benader. In tekste soos *Hy kom met die skoenlappers* (2016) is daar egter 'n behoefte aan 'n benadering wat die verhouding tussen die pa se trauma en dié van die gesin in berekening bring wanneer die onderdrukking van die vroulike karakter(s) ondersoek word.

In hierdie studie word die oordraagbaarheid van PTSV vanaf die vaderfiguur na die gesin ondersoek in Valda Jansen se *Hy kom met die skoenlappers*. In dié teks gebruik die hoofkarakter terugflitse om die effek van traumatische gebeurtenisse in die verlede op haar alledaagse lewe uit te beeld. Hierdie trauma kan ook na die trauma van haar pa teruggevoer word.

Die ondersoek gebruik 'n multidissiplinêre benadering wat die hoofstroomsielkunde, feministiese sielkunde en literêre traumateorie versmelt. Dit word gedoen om die hoofstroomsielkunde se hulpbronne oor PTSV te gebruik om vas te stel of daar wel blyke van PTSV by die vaderfiguur en vroulike karakters is. Verder word die feministiese sielkunde betrek om die psige van die vroulike karakters te verstaan. Laastens word die literêre traumateorie ingespan om as 'n oorbrugging tussen die sielkunde en die letterkunde op te tree en maak dit moontlik om die teks as 'n mondstuk van die vrou se geleefde ervaring te interpreteer.

Tot op hede is daar nie navorsing oor die Afrikaanse letterkunde wat só 'n benadering volg nie. Myns insiens bied 'n multidissiplinêre lens 'n vernuwende perspektief om die onderdrukking van vroulike karakters binne die Afrikaanse letterkunde te ondersoek. Dit is veral 'n relevante bespreking aangesien vroue in die Suid-Afrikaanse konteks deur die onderdrukking van apartheid as 'n traumatische gebeurtenis onderdruk was – en steeds is.

Teksanalise en tematiese analise word in hierdie ondersoek as metodologie gebruik om 'n deskriptiewe ondersoek na die vroulike karakters aan te bied.

Bronnelys

Apollis, T. 2020. 'n Analise van die moeder-dogter-verhouding in geselekteerde werke van swart Afrikaanse vrouedigters. Ongepubliseerde magistertesis. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland [Intyds]. Beskikbaar: <https://etd.uwc.ac.za/handle/11394/8237> [2023, April 20].

Maret Blom de Wet, Universiteit Stellenbosch

Die akademiese redigeerder as akteur binne die netwerk van akademiese redigering aan Suid-Afrikaans hoëronderwysinstellings: Gevallestudies | The academic editor as actor within the network of academic editing in South African higher education institutions: Case studies

Kruger (2007:6) voer aan dat daar meer navorsing gedoen moet word oor die hoe en hoekom van redigeerders se werk, wat in Chesterman (2009:17) uitgelig word as die telos, of persoonlike motivering van vertalers. Sosiologiese werk oor die teloi van vertalers sal waardevolle bydraes lewer tot 'n beter begrip van vertalers se houdings, persoonlike doelwitte en etiek, en hoe hierdie aspekte dan gerealiseer word in wat en hoe hulle vertaal (Chesterman, 2009:17). Die gaping ontstaan om ook die teloi van akademiese redigeerders te ondersoek en nie op redigerings as tekste, of selfs die redigeerproses te fokus nie, maar op die redigeerders self en ander agente wat betrokke is. Die doel van hierdie studie is om soos Chesterman (2009:20) voorstel, 'n agentmodel te gebruik om navorsing uit te voer wat primêr fokus op die agente, soos die akademiese redigeerder, studieleier en student, asook hierdie agente se etiek en houdings, en hulle interaksie met hulle sosiale en tegniese (menslike en nie-menslike) omgewings. Veldnavorsing word uitgevoer en onderhoude, vraelyste, waarneming en argivale dokumente word gebruik om die profiel en interaksies van vier vryskutredigeerders op te skryf. Volgens Dam en Zethsen (2009:11) kan 'n studie waar daar op die vertaler, tolk (en akademiese redigeerder - eie invoeging) as lid van 'n sosiale en professionele groep gefokus word, die sosiale status, beeld en identiteit van die professie versterk. Hierdie studie kan die professie van akademiese redigering binne die Suid-Afrikaanse konteks institusionaliseer en die professionele rol van die redigeerder met betrekking tot die redigeertake en interaksies in verskillende vakgebiede versterk.

Bronnels

- Chesterman, A. 2009. The name and nature of translator studies. *Hermes – Journal of Language and Communication Studies*, 42:13–22.
- Dam, H.V. & Zethsen, K.K. (eds.). 2009. Translation studies: Focus on the translator. Introduction to the thematic section. *Hermes – Journal of Language and Communication Studies*, 42:7–12.
- Kruger, H. 2007. Training text editors as part of a general programme in language practice: A process-oriented approach. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 25(1):1–16.

Dr Annie Burger, Universiteit Stellenbosch

Gewone taal binne 'n revisieraamwerk | Plain language within a revision framework

In hierdie referaat wil ek 'n uiteensetting gee van navorsing waar ek gewone taal binne Feinauer en Lourens (2021) se revisieraamwerk plaas. In my referaat ondersoek ek Feinauer en Lourens (2021:181) se plasing van gewonetaaltoepassing binne eentalige revisie. Gewonetaaltoepassing vorm deel van 'n gelyskaal. Dit kan aan die een kant gesien word as die oppervlakkige toepassing van gewonetaaltegnieke, byvoorbeeld om sinne korter te maak. Aan die ander kant, kan gewonetaaltoepassing ook behels dat 'n dokument herskryf word sodat dit baie min of geen ooreenstemming met die oorspronklike teks het nie. In my referaat word die aard van gewonetaaltoepassing en hoe dit ooreenstem met, asook hoe dit verskil van eentalige redigeringsrevisie en proeflees-revisie ondersoek. Ek wil hierdeur bepaal of gewone taal binne een van hierdie twee afdelings geplaas kan word, en of dit eerder as 'n derde afdeling, naamlik gewonetaalrevisie, gesien kan word. Die navorsing sal geskied met behulp van 'n integrerende literatuurstudie. Snyder (2019:333) beskryf 'n literatuurstudie as 'n sistematiese manier om vorige navorsing in te samel, op te som en te verstaan. 'n Integrerende literatuurstudie het die doel om bestaande literatuur te assesseer om nuwe teoretiese raamwerke en perspektiewe te skep (Snyder, 2019:335). In my referaat sal ek gewonetaaltoepassing vergelyk met eentalige redigeringsrevisie en proeflees-revisie. Daardeur sal ek bepaal of gewone taal binne een van hierdie twee afdelings geplaas kan word, en of dit as 'n derde afdeling, naamlik gewonetaalrevisie, gesien kan word.

Bronnelys

- Feinauer, I. & Lourens, A. 2021. Another look at revision in literary translation, in M. Koponen, B. Mossop, I.S. Robert, & G. Scocchera (eds.). *Translation Revision and Post-editing*. Londen: Routledge. 165–183.
 Snyder, H. 2019. Literature review as a research methodology: an overview and guidelines. *Journal of Business Research*, 104:333–339.

Marthie de Waal, Universiteit Stellenbosch

'n Ondersoek na die gebruik van voorsienbaarhede en gemengde leer in Afrikaanstaalverwerwing vir dowe taalaanleerders | An investigation into the use of affordances and blended learning in Afrikaans Language Acquisition for deaf language learners

Dié navorsing doen verslag van 'n teoretiese verkenning oor die gebruik van voorsienbaarhede binne 'n gemengde-Afrikaanstaalverwerwingkursus vir dowe taalaanleerders. In die navorsing word 'n taakgebaseerde gemengdtaalaanleerprogram ontwerp wat voorsienbaarhede en gemengde leer in ag neem. Die taakgebaseerde benadering dien as teoretiese basis vir die ontwerp van die gemengdtaalaanleerprogram. In navorsing oor onderwys word die term *voorsienbaarheid* gebruik om te verwys na die moontlike voordele of uitkomste van 'n onderrigparadigma, lesplan, taak of geleenthed wat vir leer geïmplementeer word (Kirschner, 2013).

Die verband tussen voorsienbaarhede en taalverwerwing word teoreties ondersoek aangesien dit 'n belangrike rol speel in tweedetaalverwerwing vir dowe taaaanleerders en geleenthede vir betekenisvolle leer skep. Die navorsing is kwalitatief van aard en volg 'n beskrywende navorsingsmetodologie deur 'n teoretiese oorsig oor die bestaande voorsienbaarheidsteorie-navorsing te bied. Die doel is om 'n alomvattende beskrywing van voorsienbaarhede in Afrikaanstaalverwerwing te kry. Die gemengdtaalaanleerprogram word aan die hand van die teoretiese oorsig van voorsienbaarheidsteorie ontwerp. Die gemengdtaalaanleerprogram verskaf dus verskillende klasoriëntasies waarvolgens taalaanbieders lesse kan orden, naamlik of dit sinchronies of asinchronies plaasvind, sowel as aanlyn of in persoon. Die gemengdtaalaanleerprogram word verder verbreed deur die taaksiklus op verskillende maniere in 'n kursusraamwerk vir gemengde leer toe te pas. Bestaande gemengdeleermodelle is nie spesifiek binne die taakgebaseerde benadering ontwerp nie. Dit kan dus nuttig wees om gemengdeleermodelle en die taaksiklus saam in 'n kursusraamwerk te gebruik.

Daar is bevind dat die voorsienbaarheidsteorie 'n gepaste teoretiese raamwerk vir 'n gemengde-Afrikaanstaalverwerwingkursus is aangesien die ontwerpte gemengdtaalaanleerprogram geleenthede vir horende en dowe tweedetaalaanleerders skep.

Bronnels

Kirschner, P.A. 2013. *Educational affordances* [Intyds]. Beskikbaar: https://www.tel-thesaurus.net/wiki/index.php/Educational_affordance [2021, Augustus 17].

Jané de Wet, Nelson Mandela Universiteit

Die kantlynkinders, revolusiebeginners – 'n Ondersoek na die verskynsel van kultusliteratuur in Afrikaans | The benchwarmers, revolution starters – An investigation into the phenomenon of cult literature in Afrikaans

In hierdie referaat word ondersoek ingestel na die verskynsel van kultusliteratuur in Afrikaans. Die ondersoek is daarop gemik om die sosio-kulturele status van kultusliteratuur (as die letterkunde se kantlynkinders of revolusiebeginners) te ondersoek en vas te stel waarom sekere publikasies juis as kultusliteratuur beskou word.

Kultusliteratuur is geneig om grensverskuiwende letterkunde te wees, hetsy deur middel van prosastyl, hetsy na aanleiding van die onderwerp. Grensverskuiwende onderwerpe sluit dikwels seks en dwelms, en kritiek op die tydsgees – deur die verkenning van menswees of die skep van distopiese samelewings – in. Kultusboeke word beskou as tekste met eksplisiële of kontroversiële inhoud, en trek dus groter aandag by lesers en resensente. Die ikone van die "kultuskanon", onder andere André P. Brink en Breyten Breytenbach, se werke is dikwels kort ná publikasie verban of betwis, wat die besit van hul werk vir sekere lesers aanlokliker gemaak het. Sodra 'n titel sy weg na die verbode boekrak vind, skiet lesers se belangstelling die hoogte in aangesien lesers self die boek se mistiek wil ervaar.

Die konsep van kultusliteratuur sal in hierdie referaat ondersoek en gedefinieer word aan die hand van Calcutt en Shephard (1998) se werk, wat 'n omvattende gids tot kultusliteratuur bied. Daarna sal die sleutel-literêre elemente van kultusliteratuur en -narratiewe binne dié skrywe onder die loep kom. Die referaat sal verder 'n historiese oorsig van Afrikaanse kultusliteratuur voorhou. Aangesien daar ook na die posisie van kultusliteratuur binne die literêr-kulturele diskopers verwys word, sal sekere komponente van historiese en kulturele studies, soos die populêre kultuurteorie (Hinds, Motz & Nelson, 2006), by die ondersoek betrek word.

Bronnels

- Calcutt, A. & Shephard, R. 1998. *Cult Fiction: A reader's guide*. Chicago: Prion Books Ltd.
 Hinds, H.E., Motz, M.F., & Nelson, A.M.S. (eds.). 2006. *Popular culture theory and methodology: A basic introduction*. Wisconsin: Popular Press.

Joanna Gouws, Universiteit Stellenbosch

Tematiese resonansie en die invloed van intertekstualiteit: 'n resepsiestudie van die ontvangs van die vertoning van Tom Lanoye se drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles* (2011) | Thematic resonance and the influence of intertextuality: a study of the reception of the performance of Tom Lanoye's drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles* (2011)

Die Vlaamse skrywer Tom Lanoye se drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles* (2011) (hierna genoem *Bloed en rozen*) put uit werklike historiese gegewens om 'n verwerkte, maar gedistilleerde en fiksionele verhaal van Jeanne d'Arc en Gilles de Rais te vertel. Hulle word uitgebeeld as twee kontrasterende figure wat beide tereggestel word ná hulle onderskeie botsings met die Katolieke Kerk. Hoewel hierdie drama gepubliseer en ook deur Marthinus Basson in Afrikaans vertaal is, het nog geen akademiese artikel oor nóg die teks nóg die vertoning verskyn nie. Dit is so ten spyte van 'n positiewe ontvangs van die vertoning en van die lonende materiaal tot literêre analise in die dramateks sigself. Daarom stel hierdie referaat eerstens voor dat 'n resepsiestudie gegrond op Linda Hutcheon (2006) se verwerkingsteorie gedoen word en ontplooï daarvoor 'n stiplees van etlike resensies van die 2011-vertoning. Tweedens word inleidende, verkennende opmerkings verskaf oor verdere studiemoontlikhede wat betoog vir 'n groter fokus op die teks se potensiaal tot literêre ontleding. Hutcheon se derde beginsel van verwerking sluit in die proses van resepsie van 'n verwerkte teks. Dié beginsel beskou verwerking as 'n vorm van intertekstualiteit, want ons ervaar die teks as verwerking omdat ons bewus is van ander werke of gebeure waarmee die teks in gesprek tree. Hierin speel die oordrag van tematiek 'n sentrale rol wat op sy beurt strook met Hutcheon se eerste verwerkingsbeginsel. Uiteindelik word bevind dat *Bloed en rozen* gunstig ontvang is in soverre resensente 'n sterk tematiese resonansie ondervind het as gevolg van duidelik waarneembare kerklike, juridiese en Machiavelliaanse aspekte van mag wat deur die drama opgevoer word. Hierdie ontvangs is egter nie geskoei op die herkenbaarheid van historiese feite nie, maar op die intertekstuele herkenbaarheid van bovermelde tematiek in die vorm van toepaslike, aktuele kwessies soos die kollektiewe bewussyn oor hoe die Belgiese owerhede die Dutroux-pedofiel-skandaal van die 1990's hanteer het.

Bronnelys

- Hutcheon, L. 2006. *A theory of adaptation*. Londen & New York: Routledge.
 Lanoye, T. 2011. *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles*. Antwerpen: Het Toneelhuis.

Natasha Harmse, Universiteit Stellenbosch

Die objekkorrelaat as poëtiese tegniek in DJ Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* | The objective correlative as a poetic technique in DJ Opperman's *Komas uit 'n bamboesstok*

In DJ Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* (1979) dien Marco Polo as "n historiese voorganger van en plekhouer vir die digter-spreker. In teenstelling met die persoonlike belydenis wat soms kenmerkend was van die vroeë Dertigers, is daar in *Komas* geen sprake van "n vertroeteling van die ek nie. Daar is eerder, volgens Hein Viljoen (1980:24), " 'n manmoedige blootstel, aftakel, uitgiet van die ek in 'n groot aantal beelde, maskers en gestaltes: Marco Polo, Bontekoe, Odysseus, Tafelberg, mossie, varksoort, rooi-aas, die Titanic, Ou Taai Koen, ensovoorts". In hierdie referaat word Opperman se gebruik van beelde, maskers en gestaltes as poëtiese tegniek ondersoek binne die raamwerk van die objekkorrelaat. Dit is gegrond op TS Eliot en Marthinus Nijhoff se oorspronklike konseptualisering van dié tegniek sowel as Deleuze en Guattari se latere gebruik van die skisoanalitiese begrippe "Affek" en "Liggaam sonder Organe". Hierdie kwalitatiewe ondersoek steun op analises van die gedigte in *Komas uit 'n bamboesstok*, spesifiek die gedigte waarin Marco Polo as 'n voorganger van die digter-spreker figureer.

Bronnels

Viljoen, H. 1980. Verskeidenheid en samehang in D.J. Opperman se *Komas*. *Literator*, 1(1):23–29.

Nicolette Harmse Steyn, Universiteit van Namibië

'n Verkenning en vergelyking van houdings en persepsies rakende Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië ná drie dekades van onafhanklikheid | An exploration and comparison of attitudes and perceptions regarding Afrikaans in the Khomas region of Namibia after three decades of independence

Gegewe die geskakeerde geskiedenis van Afrikaans, veral ten opsigte van Afrikaans se assosiasie met apartheid, word gevolgtrekkings oor die aard en rol van Afrikaans soms gegrond op persepsies en houdings wat nie die feite verteenwoordig nie. Terwyl daar dikwels beweer word dat Afrikaans danksy die Suid-Afrikaanse koloniale bewind in Namibië ontstaan het, duï die historiese feite op die Oorlam- en Bastervolleke as die hoofrolspelers in die vroeë vestiging van Afrikaans (destyds nog Hollands-Afrikaans).

Ná drie dekades van Namibië se onafhanklikheid bly houdings en persepsies ten opsigte van Afrikaans grootliks ongedokumenteer. Daarom beoog hierdie studie om hierdie houdings en persepsies te boekstaaf wat bestaan het en steeds bestaan tussen sprekers, sowel as onder nie-sprekers, wat in kontak is met die verskillende groepe binne die betrokke taalgemeenskap van Namibië. 'n Studie oor taalhoudings is belangrik in 'n multitalige land soos Namibië, aangesien dit 'n aanduiding kan gee van die moontlike voortbestaan en verspreiding van tale en die geassosieerde kulture.

Die resultate bevat verskillende houdingsprofiële (positiewe, neutrale en negatiewe houdings), wat saamgestel is uit sekere vrae en hul moontlike reaksies. Die reaksies van die drie verskillende groepe – Afrikaanssprekende respondent, nie-Afrikaanssprekende respondent en multitalige respondent (Afrikaans en ander tale) – is in die relevante profiele verdeel. Laastens is die respondent se persepsies rakende Afrikaans ook gedokumenteer.

Die navorsing en resultate toon dat die meerderheid respondent hoofsaaklik 'n positiewe houding teenoor tale in die algemeen het, asook teenoor Afrikaans. 'n Verdere interessante verskynsel wat die navorsing opgelewer het, is dat dit hoofsaaklik die Afrikaanssprekendes is wat onder die wanpersepsie is dat Afrikaans aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring is. Die navorsing toon ook dat die nie-Afrikaanssprekende groep meestal die korrekte opsie gekies het. Dus kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat dit die Afrikaanssprekendes is wat self die minste weet van hul taal se ontstaan en geskiedenis in Namibië en die moontlikheid ontstaan dat hul wanpersepsies ook tot ander Afrikaans- en ander taalsprekers se wanpersepsies van die Afrikaanse taal kan lei.

Carla Lindt, Universiteit van Wes-Kaapland

Kaaps in opstelle: tekens van informalisering | Kaaps in Afrikaans
essays: signs of informalisation

Afrikaanse onderwysers word daagliks gekonfronteer met leerders se skryfwerk wat tekens toon van die invloed van 'n niestandaardvariëteit soos Kaaps. Niestandaardvariëteite van Afrikaans word as informeel beskou en voldoen nie aan die vereistes van skole waar die leerder in die standaardvariëteit moet skryf nie. As sodanig word leerders gepenaliseer wanneer die "informele" variëteit in hul skryfwerk weerspieël word. Hierdie variëteitvorme word as 'n fout beskou en word onmiddellik as verkeerd of onaanvaarbaar gemerk (Le Cordeur, 2015). Die huidige taaldebatte oor taalverandering fokus oorheersend op taalvariëteite soos Kaaps en die insluiting daarvan in die klaskamer. Min of geen aandag is egter geskenk aan die omvang van Kaaps se gebruik en invloed op die Afrikaans van leerders wat Kaaps praat, daarin konseptualiseer en woon nie. Onlangse navorsing het getoon dat leerders geneig is om te skryf soos hulle praat en hul formele geskrewe werk toon tekens van informalisering (Saal & Lawrence, 2019). My navorsing het dus ten doel gehad om die aard en omvang van die Kaapse invloed op die geskrewe werk van graad 10-Afrikaanse leerders aan die Hoërskool Lavender Hill te bepaal.

Dié ondersoek is gedoen in 'n gebied waar leerders daagliks Kaaps praat. Data is ingesamel deur middel van opstelle wat as korpus vir hierdie studie gedien het. Die korpus is geanalyseer aan die hand van onderskeie fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale variasiemarkers. Hierdie markers is korpuslinguisties ontleed om die frekwensie van elke item te bepaal. In my referaat sal ek die metodologie wat gebruik is sowel as die resultate van die studie aanbied. Ek sal ook praktiese voorstelle gee vir die insluiting van variëteitvorme as onderrigtaal.

Bronnelys

- Le Cordeur, M. 2015. Die kwessie van Kaaps: Afrikaansonderrig op skool benodig 'n meer inklusiewe benadering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):712–728.
- Saal, E. & Lawrence, D. 2019. "Ons skryf soos ons praat": Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners. *LitNet Akademies*, 16(1):19–63.

Alana Lourens, Universiteit Stellenbosch

Omstrede kwessies en politieke korrektheid in Afrikaanse jeugliteratuur met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se jeugboeke | Controversial issues and political correctness in Afrikaans youth literature with specific focus on Zelda Bezuidenhout's youth books

Jeugliteratuur is in die afgelope twee jaar onder die vergrootglas geplaas binne 'n internasionale, maar ook plaaslike konteks. Binne die Afrikaanse konteks word daar veral deur akademici en skrywers vrae gevra oor die uitbeelding van karakters in jeugboeke en of die temas en probleme of krisisse wat die jong karakters in die gesig staar realisties of eerder "wêreldvreemd" is (Van Coller, 2022). Daarmee saam word daar na die "politieke korrektheid" in jeugboeke verwys (Van Coller, 2022; McLachlan, 2022) waar S.J. Naude (2022) dit as basiese respek en openheid beskou. Uit Van Coller (2022) se kritiek teen politieke korrektheid in jeugliteratuur, blyk dit volgens my dat hy onder ander na Zelda Bezuidenhout se *Die 3 van ons* (2021) verwys en Bezuidenhout het dit self tydens 'n Woordfees-gesprek in 2022 erken. My referaat plaas daarom die kollig op Bezuidenhout as oorbruggingskrywer ("crosswriter"), omdat sy boeke vir lesers van alle ouerdomme skryf. Net so sal ek spesifiek na die bogenoemde boek en *Toe ons oneindig was* (2020) teen die agtergrond van wokeness (waarvan politieke korrektheid deel vorm) kyk om sodoende 'n breeë oorsig te gee oor kwessies en temas wat deesdae in Afrikaanse jeugliteratuur na vore kom en ek reflekteer oor die standpunt dat dit as polities korrek bestempel kan word.

Bronnels

Bezuidenhout, Z. 2022. Woordfees 2022 gesprek: Tieks ons boksies in kinderboeke? 11 Oktober, Stellenbosch.

McLachlan, T. 2022. *Van Coller-debat: verdien hy dit regtig om só gekielhaal te word?* [Intyds].

Beskikbaar: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/van-coller-debat-verdien-hy-dit-regtig-om-so-gekielhaal-te-word-20220814> [2023, Augustus 28].

Naudé, S.J. 2022. *Liefdeloosheid kan Afrikaans laat leegloop* [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/liefdeloosheid-kan-afrikaans-laat-leegloop-20220722> [2023, Augustus 28].

Van Coller, H. 2022. *Hennie van Coller: Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie* [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/hennie-van-coller-jy-kry-hulle-nie-meer-in-boeke-en-op-tv-nie-20220503> [2023, Augustus 28].

Dr Susann Louw, Universiteit van Wes-Kaapland

Die ondersoek van genderkonstruksies in Afrikaanse tydskrifte: 'n Multidissiplinêre metodologie | The investigation of gender constructions in Afrikaans magazines: A multidisciplinary methodology

Die referaat gee 'n oorsig oor die multidissiplinêre metodologie waarmee die konstruksie van gender ondersoek is. Dit is gebaseer op my PhD-studie waarin ek die vergestaltings van Afrikaanse manlikheid in Afrikaanse tydskrifte bestudeer het. Die datastel bestaan uit 67 uitgawes van onderskeidelik *Huisgenoot*, *Landbouweekblad*, *Sarie*, *Kuier*, *Weg!*, *Plaastoe* en *Intiem vir Mans* tussen 2005 en 2015.

Kimmel, Hearn en Connell (2005:4) en Eric Anderson (2009:32,33) is van mening dat teorieë saam gebruik moet word om die meeste daaruit te put. Volgens Creswell (2009:172-175) is die ideale benadering tot kwalitatiewe data-analise om die stappe van analise met die spesifieke navorsingstrategie-stappe te vervleg. Verder skep 'n induktiewe lens die ruimte dat die stappe van analise aangepas kan word soos die ontleding plaasvind (Charmaz 2006; Edwards 2007; Irwin 2017). Om hierdie redes maak ek gebruik van 'n multidissiplinêre metodologie wat uit die volgende navorsingsinstrumente, -metodes en teorieë bestaan: ATLAS.ti-programmatuur, gegronde teorie, diskoversanalise, kritiese diskoversanalise, multimodale diskoversanalise, genderteorie en verskeie teorieë binne manlikheidstudies.

Die studie bestaan uit elemente van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Ek vertrek vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese perspektief wat met 'n kwalitatiewe benadering geassosieer word. Die kwalitatiewe benadering is prakties toegepas deur teksanalitiese navorsingsmetodes te gebruik. Die gebruik van teksanalitiese navorsingsmetodes verwesenlik die analise van diskopers in 'n sekere omgewing wat lei tot betekenisvolle interpretasies. Hierteenoor is die grootte van die datastel en die gebruik van gerekenariseerde programmatuur nader aan die kwantitatiewe sy van navorsing.

Tydens die referaat sal ek my sintese van diskoversanalise-metodes uiteensit – multimodale kritiese diskoversanalise soos gegrond in Kress en Van Leeuwen (2001), Bezemer (2012), Jewitt (2012) en Edwards en Milani (2014) se studies. Die bespreking sal aan die hand van voorbeeld uit my PhD-tesis plaasvind en volgens vyf oorkoepelende stappe gestructureer word: (1) Kies van tydskrifbydraes (2) Kodeerprosesse (3) Konteks en visuele skemas (4) ATLAS.ti-funksies en (5) Analise en bespreking.

Bronnels

- Anderson, E. 2009. *Inclusive masculinity: The changing nature of masculinities*. Londen: Routledge.
- Bezemer, J. 2012. *What is multimodality?* [Intyds]. Beskikbaar: <http://mode.ioe.ac.uk/2012/02/16/what-is-multimodality/> [2021, Julie 15].
- Charmaz, K. 2006. An invitation to grounded theory, in K. Charmaz (red.). *Constructing grounded theory – A practical guide to qualitative analysis*. Londen: SAGE Publishing.
- Creswell, J.W. 2009. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. VSA: SAGE Publishing.

- Edwards, K.E. 2007. "Putting my man face on": A grounded theory of college men's gender identity development. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Maryland: University of Maryland.
- Edwards, M. & Milani, T.M. 2014. The everyday life of sexual politics: A Feminist critical discourse analysis of herbalist pamphlets in Johannesburg. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 32(4):461–481.
- Irwin, K. 2017. Grounded theory methods in the context of masculinity and violence. In A. Bryant & K. Charmaz (eds.). *The Sage Handbook of Grounded Theory*. 2de uitgawe. VSA: SAGE Publishing.
- Jewitt, C. (red.). 2012. *Multimodality* [Intyds]. Beskikbaar: <https://multimodalityglossary.wordpress.com/multimodality/> [2023, Januarie 5].
- Kimmel, M.S., Hearn, J. & Connell, R.W. (eds.). 2005. *Handbook of Studies on Men & Masculinities*. VSA: SAGE Publishing.
- Kress, G. & Van Leeuwen, T. 2001. *Multimodal discourse: The modes and media of contemporary communication*. Londen: Arnold.

Allison Matroos, Universiteit Stellenbosch

'n Ondersoek na die gebruik van gedigte vir tweedetaalstudente op universiteitsvlak aan die hand van die taakgebaseerde benadering: 'n Gevallestudie | The use of poems for Afrikaans second-language acquisition students in a task-based approach: a case study

Die referaat lewer verslag oor 'n studie wat ondersoek instel na die effektiwiteit van gedigte om eerstejaarstudente in die Afrikaanstaalverwerwingsklas se woordeskat en taalbegrip te verbeter. Tydens hierdie ondersoek is die volgende navorsingsvrae beantwoord: 1) hoe kan die gebruik van Afrikaanse gedigte in die klaskamer die woordeskat en taalbegrip van Afrikaanstaalverwerwingstudente bevorder; 2) op watter wyses kan die gebruik van gedigte in die taalverwerwingsklaskamer effekief aangewend word vir taalverwerwingsdoeleindes; en 3) watter riglyne kan voorgestel word oor gedigte wat met Afrikaanstaalverwerwingstudente gedoen kan word ten einde hulle woordeskat en taalbegrip te verbeter.

Die taakgebaseerde benadering, Krashen (1982) se tweedetaalverwerwingsteorie met spesifieke fokus op die affektiewefilter- en invoerhipoteses; letterkunde-onderrig; en woordeskat- en begripcategorie-onderrig is as teoretiese raamwerk in die studie gebruik. Verder is daar gebruik gemaak van 'n gemengdemetodebenadering wat kwalitatiewe en kwantitatiewe data binne 'n gevallestudie-ontwerp insluit, ten einde triangulasie te bewerkstellig. Kwalitatiewe data is ingesamel deur vraelyste aan deelnemers uit te deel wat aan hulle die geleentheid gebied het om hulle opinie te gee oor sake wat hulle raak, soos byvoorbeeld die onderrig van gedigte. Kwantitatiewe data is deur middel van 'n voortoets en natoets ingesamel om vas te stel of deelnemers se woordeskat en taalbegrip verbeter het. Die deelnemers is eerstejaarstudente wat die module Afrikaanse Taalverwerwing 188 aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands neem.

Ná afloop van die studie het die bevindinge gunstige resultate getoon in die beantwoording van die eerste navorsingsvraag oor die gebruik van gedigte in die klaskamer vir Afrikaans tweedetaalstudente. Ek voer dus aan dat gedigte die woordeskat en taalbegrip van taalverwerwingstudente behoort te bevorder, omdat 'n gedig 'n hanteerbare teks is en studente se kreatiwiteit stimuleer. Ten slotte stel ek ook riglyne voor vir die onderrig van gedigte op universiteitsvlak.

Bronnelys

Krashen, S. 1982. *Principles and practice in second language acquisition*. Oxford: Pergamon Press.

Carolyn Meads, Universiteit Stellenbosch

'n Ondersoek na die ideologiese invloed op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se *The Sound of Thunder* | An investigation of the ideological influence on the Afrikaans retranslation of Wilbur Smith's *The Sound of Thunder*

Tydens apartheid is sommige van Wilbur Smith se avontuurromans weens onwelvoeglikheid en godslastering daarin verban. Eietyds is sy werk deur party kommentators gekritiseer weens rassisme en seksisme. Dit blyk dus dat daar in verskillende sosiohistoriese kontekste uiteenlopende ideologies gefundeerde opvatting oor Smith se werk bestaan.

Hierdie referaat stel ondersoek in na die ideologiese invloed op die vorm en inhoud van 'n Afrikaanse hervertaling van een van Smith se romans, *The sound of thunder* (1966). Studies oor hervertaling het in die laaste dekade in opbloei beleef, veral dié wat onderzoek instel na sosiokulturele invloede. Aangesien die bronsteks en doelstaal dieselfde bly vir beide die eerste vertaling en hervertaling, is die sosiohistoriese konteks, insluitend die ideologiese konteks, in veranderlike wat in moontlike rede vir verskillende vertaalkeuses kan bied.

Ontwikkelings in die groeiende navorsingsveld oor hervertaling word kortliks bespreek voordat daar na die spesifieke geval gekyk word van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966), die eerste Afrikaanse vertaling, *As die donderweer dreun* (Smith, 1977), en die hervertaling, *Donderslag* (Smith, 2015). Aan die hand van Lefevere (2017) se raamwerk en sy konsepte van die patronaat en professionele agente word 'n kontekstuele beskrywing gedoen van die heersende ideologie in die tydperke waarin die eerste vertaling en hervertaling onderskeidelik gepubliseer is. Lambert en Van Gorp (1985) se beskrywende model word ingespan om geselekteerde tekssegmente uit die bronsteks en twee doeltekste met mekaar te vergelyk. Tekssegmente is gekies wat verband hou met ras, gender, geloof en seks – onderwerpe wat moontlik ideologies gefundeerde vertaalkeuses kon uitlok. Verskille word geïdentifiseer tussen die vertaalkeuses by die hervertaling en dié by die eerste vertaling.

Laastens word verbande getrek tussen die heersende ideologie ten tyde van publikasie en die vertaalkeuses van onderskeidelik die eerste vertaling en hervertaling. Daar word bevind dat ideologie 'n merkbare invloed op albei tekste uitoefen.

Bronnels

- Lambert, J. & Van Gorp, H. 1985. On describing translations, in T. Hermans (red.). *Manipulation of literature: Studies in literary translation*. Londen: Croom Helm. 32–39.
- Lefevere, A. 2017. *Translation, rewriting and the manipulation of literary fame*. Oxon: Routledge.
- Smith, W. 1966. *The sound of thunder*. Londen: Heinemann.
- Smith, W. 1977. *As die donderweer dreun*. J. Swanepoel (vert.). Johannesburg: Olympos.
- Smith, W. 2015. *Donderslag*. Z. Van den Berg (vert.). Kaapstad: Adamastor.

Selwyn Milborrow, Nelson Mandela Universiteit

Aspekte van kwesbaarheid in die poësie van Vincent Oliphant | Aspects of vulnerability in the poetry of Vincent Oliphant

Hierdie referaat ondersoek aspekte van kwesbaarheid deur 'n stiplees van geselekteerde gedigte uit Vincent Oliphant se bundels *Bloed vloe in stilte* (1983), *Die sagte vlees* (1998), *Poësiepalet* (2002), en *Drieluik* (2007). Gregory (2017) noem dat broosheid of kwesbaarheid 'n metafoor is wat menslike beperkings in die liggaam of verstand erken. Hambidge (1998) skryf die volgende oor hierdie aspek van Oliphant: "'n Mens [is] deurentyd bewus van 'n gevoelige blik op alles. Dis asof sy pen 'n hommeltuig bekom wat alles vanuit die hoogtes fynkam."

In "Die sagte vlees" (1998:9) gebruik hy die menslike lip om die liggaam se kwesbaarheid te beskryf: "delikaat krul die fyn soenlyn van die lip/ na buite/ om te getuig/ van die teer binneste." In "'n Vigslyer sterf" (2002:23), is die leser blootgestel aan die realiteit van 'n sterwende MIV/Vigslyer. Die effektiewe gebruik van hierdie temas soos in "'n Minnaar bepeins sy veroudering" (1998:49), herinner aan Krog (2022:26) se gedig "Dis wanneer ons agterkom":

maar ja, die vingernaals van die tyd is in ons ingewande
ons sit skielik in die koorskamers van vreeslike siektes...

Oliphant se poesië slaag daarin om die leser se vermoë te stimuleer deur 'n ruimte te betree waar kwesbaarheid as 'n integrale deel van die menslike toestand omhels word.

Bronnels

- Gregory, J. 2017. 'Nature's fragile vessel': Rethinking approaches to material culture in literature. *Cahiers Élisabéthains: A Journal of English Renaissance Studies*, 94(1):37–56.
- Hambidge, J. 1998. *Woorde wat weeg* [Intyds]. Beskikbaar: <http://joanhambidge.blogspot.com/2013/03/vincent-oliphant-die-sagte-vlees-1998.html> [2023, Augustus 30].
- Krog, A. 2022. *Plunder*. Kaapstad. Human & Rousseau.
- Oliphant, V. 1983. *Bloed vloe in stilte*. Kaapstad: Tafelberg.
- Oliphant, V. 1998. *Die sagte vlees*. Kaapstad: Tafelberg.
- Oliphant, V., Ferrus, D. & Milborrow, S. 2007. *Drieluik*. Vivlia Publishers.
- Oliphant, V. & Milborrow, S. 2002. *Poësiepalet*. Johannesburg: Vivlia Publishers.

Samantha Miller en Jana Klingenberg, Universiteit van Pretoria

Die evolusie en revolusie van die tydskrif *Ons Klyntji*: 'n Stem vir 'n post-apartheid identiteit | The evolution and revolution of the e-zine *Ons Klyntji*: A voice for a post-apartheid identity

Hierdie voorlegging is gemoeid met *Ons Klyntji: Klyn Begin Anhou Win*, 'n tydskrif wat op aanvraag van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1896 sy eerste uitgawe gepubliseer het, en vandag steeds (2023) in gedrukte vorm verskyn. *Ons Klyntji* se oorspronklike doel was om stories, brieve en perspektiewe in Afrikaans te publiseer en sodoende 'n Afrikaanse literêre kultuur en identiteit, apart van Britse invloed, te ontwikkel en te bevorder (1896-1905). Hierdie tydskrif het weer in die 1990's sy verskynings gemaak, onder die Voëlvrymusikant en -redakteur Koos Kombuis se hand, as 'n "anti-apartheid protes zine". Vandag bestaan die tydskrif in beide gedrukte en elektroniese formaat.

Ons Klyntji is gedurende verskillende tye van onderdrukking gepubliseer. Hierdie referaat se doel is om te illustreer hoe progressiewe belang of standpunte bevorder is, en hoe hierdie tydskrif post-apartheid deur Afrikaners gebruik is as 'n instrument van protest. Verder is die identiteit van 'n anti-apartheid Afrikaner geskep deur middel van satire en visuele simbole in die tydskrif, wat hierdie tydskrif revolusionêr maak.

Die teorie van die Land van Oorsprong (Aichner, 2014) is gebruik as teoretiese raamwerk vir die ontleiding van spesifieke elemente van die tydskrif. Die teorie van die Land van Oorsprong (LVO) bestaan uit implisiële en eksplisiële elemente wat gebruik word om 'n land se nasionale identiteit of 'n spesifieke kultuur te versterk en posisioneer. Die elemente van die LVO-teorie bestaan uit simbole en landsvlae, bekende figure, natuurlike landmerke of toeristaantreklikhede, kwaliteit of "vervaardig in", besigheidsname, stereotipes sowel as woorde en taal. Voorblaaie (grafika en opskrifte), redakteursbrieve en advertensies van 21 harde-kopie uitgawes (1997-2019) is ontleed volgens die LVO-kriteria. Deur middel van visuele ontleiding en inhoudsanalise is prominente temas geïdentifiseer wat bewys hoe spesifieke anti-apartheid standpunte en 'n Afrikaneridentiteit aangemoedig is.

Hierdie navorsing bewys dat *Ons Klyntji* beide revolusionêr en evolusionêr was en steeds is, soos wat inhoud en stemme van 'n multikulturele Suid-Afrika verteenwoordig word.

Bronnels

Aichner, T. 2014. Country-of-origin marketing: A list of typical strategies with examples. *Journal of Brand Management*, 21:81-93, doi:10.1057/bm.2013.24

Asambese Mkumatela, Nelson Mandela Universiteit

'n Ondersoek na die gebruik van vertaalmetodes deur

Afrikaanstaalverwerwingstudente | An investigation on the use of different translation methods by Afrikaans language acquisition students

In die referaat lewer ek verslag oor 'n ondersoek na die verskillende vertaalmetodes wat op tersi revlak deur eerstejaar-Afrikaanstaalverwerwingstudente gebruik word. Die navorsingsprobleem is dat daar te min plaaslike studies oor vertaalmetodes binne taalverwerwing gedoen is en ek bepleit studies wat verband hou met en gebaseer is op die Suid-Afrikaanse konteks, aangesien die meeste studies hieroor in Europa en Asi onderneem is. Hierdie leemte is aangespreek deurdat ek ondersoek ingestel het na hoe dikwels tweedetaalstudente van Afrikaans op universiteitsvlak van vertaling gebruik maak. Die doelwitte was om nuttige insigte te lewer ten opsigte van watter vertaalmetodes di studente gebruik en of hulle metodes van internasionale tendense verskil. Die ondersoek het beoog om te toon hoe vertaling as pedagogiese hulpmiddel in die Afrikaanstaalverwerwingsklas gebruik kan word.

Drie navorsingsterreine is gebruik om die rol van vertaalmetodes in Afrikaanstaalverwerwing te bepaal, naamlik vertaling, taalverwerwing en woordeskataanleer met die fokus op verskillende vertaalmetodes, die tweedetaalverwerwingsteorie van Krashen en die woordeskataanleerproses. 'n Kwalitatiewe literatuurstudie-ondersoek is uitgevoer om die argumente vir en teen die gebruik van vertaling binne die tweedetaalklaskamer te bespreek. Verder is 'n kwantitatiewe studie onderneem met studente wat in 2022 geregistreer was vir die module Afrikaanse Taalverwerwing 188 aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. Die doel was om te bepaal van watter vertaalmetodes hulle gebruik maak. Verskillende vertaalaktiwiteite is in die vorm van verskillende teksttipes aan die studente gegee om te vertaal en hulle moes 'n vraelys voltooi om hulle menings oor vertaling as taalverwerwingshulpbron aan te dui.

Die hoofbevinding van die ondersoek, waarvan daar in die referaat verslag gelewer word, is dat die studente hoofsaaklik van direkte vertaling gebruik maak. Hulle maak ook minimaal gebruik van 'n verskeidenheid ander vertaalmetodes afhangend van die teksttip. Voortspruitend hieruit word 'n aanbeveling gemaak dat die tweedetaaldoosent binne die tweedetaalklaskamer van vertaling gebruik kan maak deur moeilike woorde of terme te vertaal en kort vertaalaktiwiteite aan die studente te gee om hulle woordeskat te verbeter. Die gevolg trekking is dat vertaling as pedagogiese hulpmiddel gebruik kan word.

Annika (Mouton) van der Linde, Universiteit van Namibië, Universiteit Stellenbosch

Die onvertaalbare olifant in die gedig: 'n Kwantumteoretiese benadering tot die interpretasie van poëtiese bewussyn in die metagedig "Kû" uit *op weg na kû* (2019) deur Breyten Breytenbach | The untranslatable elephant in the poem: A quantum theoretical approach to the interpretation of poetic consciousness in the metapoem "Kû" from *op weg na kû* (2019) by Breyten Breytenbach

Vrugbare ontwikkelinge ontstaan wanneer onverwante gedagtelike kruis, aldus Werner Heisenberg (1958:187). Die ontmoeting tussen Zen-Boeddhistisme en kwantumteorie is so 'n kruising – wat as die poësie nog 'n lyn tot daardie kruising voeg?

Breytenbach se werk dra duidelik die stempel van Zen-Boeddhistisme, veral in "Kû" uit *op weg na kû* (2019). In Mahayana Boeddhistisme verwys Kû na Sunyata, die leegte waarna Boeddhistiese meditasie street (Shimizu & Noro, 2021:5). Dit verteenwoordig die kosmiese potensiaal waaruit bewussyn manifesteer. Hierdie konsep is een van die ooreenkomste tussen die Oosterse mistiek en Westerse kwantumteorie.

Sedert Frijof Capra in 1977 hierdie ooreenkomste uitgelyig het, is daar volgehoue belangstelling in soortgelyke transdisziplinêre studies, dikwels oor bewussyn (Wallace (2003), Bitbol (2014), Shani & Keppler (2018)). Derhalwe wil ek aanvoer dat konsepte vanuit die kwantumteorie nuttige insigte kan bied in die interpretasie van poëtiese bewussyn in "Kû".

In "Kû" verwys die ek-spreker na die "olifant in die teks". Hierdie "olifant in die teks" kan metafories na die digter se poëtiese bewussyn verwys. Sedert Barthes die dood van die oueur aangekondig het, is die poëtiese bewussyn van die digter daardie spreekwoordelike "olifant in die vertrek".

Sabine Coelsch-Foisner (2005) beskou poësie as 'n representasie van self-wêreldverhoudinge wat bewussyn saamstel. Bitbol (2014:16) beklemtoon die kwantumteorie se belang hierin soos volg:

[S]ome of the most singular quantum concepts seem able not only to shed light, but also to formalize (by means of the generalized quantum theory) the state of mind or the way of being-in-the-world [...] Consider that a state of mind which is fully receptive to thusness is "a-categorical" [...] In the generalized quantum theory, the a-categorical state can be formalized by the superposition of state-vectors.

"Kû" as metagedig beskryf nie bloot die skryfproses nie, maar besin oor die akategoriese staat van bewussyn in die kreatiewe proses en meditasie, soos Atmanspacher en Fach (2005) beskryf.

Bronnelys

- Atmanspacher, H. & Fach, W. 2005. Acategoriality as Mental Instability. *The Journal of Mind and Behavior*, 26(3):181–205.
- Bitbol, M. 2014. Making sense of non-sense in physics: The quantum koan, in M. Cappuccio & T. Froese (eds.). *Enactive Cognition at the Edge of Sense-Making: New Directions in Philosophy and Cognitive Science*. Springer. 61–80.
- Breytenbach, B. 2019. *Op weg na kù*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Capra, F. 1977. *The Tao of Physics: An Exploration of the Parallels Between Modern Physics and Eastern Mysticism* (null, Ed.). Shambhala Publications.
- Coelsch-Foisner, S. 2005. The mental context of poetry. From philosophical concepts of self to a model of poetic consciousness (Ethos–Mode–Voice), in E. Müller-Zettelmann & M. Rubik (eds.). *Theory into Poetry: New Approaches to the Lyric*. 57–79.
- Heisenberg, W. 1958. *Physics and Philosophy: The Revolution in Modern Science*. London: Allen & Unwin.
- Shimizu, K. & Noro, S. 2021. Political healing and Mahāyāna Buddhist medicine: a critical engagement with contemporary international relations. *Third World Quarterly*, doi:10.1080/01436597.2021.1891878
- Shani, I. & Keppler, J. 2018. Beyond Combination: How Cosmic Consciousness Grounds Ordinary Experience. *Journal of the American Philosophical Association*, 4(3):390–410, doi:10.1017/apa.2018.30
- Wallace, B. A. 2003. *Buddhism & science: Breaking new ground*. New York: Columbia University Press.

Andréa Müller, Universiteit Stellenbosch

Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Lynthia Julius en Ryan Pedro in die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Metatekstuele ondersoek na beeldvorming | Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Lynthia Julius and Ryan Pedro in the Afrikaans literary system: A metatextual investigation of image

Met die publikasie van *Noudat slapende honde* (Kwela, 2008) word Ronelda S. Kamfer die eerste vroulike bruin/swart Afrikaanse digter wat by 'n hoofstroomuitgewer publiseer. Sedert hierdie merkwaardige debuut sien die Afrikaanse letterkunde 'n ongekende opbloei in debute deur jong vroulike sowel as manlike bruin/swart Afrikaanse digterstemme – stemme wat voorheen nie deur die hekwagters van die Afrikaanse letterkunde kon dring nie. Hierdie opbloei van debute, sowel as die positiewe resepsie daarvan, is myns insiens op die oppervlak 'n teken van 'n veranderende Afrikaanse literêre sisteem. Van nader beskou, word dit egter duidelik dat 'n unieke en komplekse dinamiek tussen jong bruin/swart Afrikaanse digters en die Afrikaanse literêre institusie bestaan – een wat hoofsaaklik deur posisionering en beeldvorming in die literêr-kritiese diskfers onderhandel en gedryf word. Om hierdie dinamiek en diskfers te beskryf, is dit daarom nodig om die posisionering en beeldvorming van hierdie digters te bestudeer. Kamfer, sowel as Nathan Trantraal, Lynthia Julius en Ryan Pedro bied vier gevallestudies waarmee huis dit gedoen kan word.

In hierdie referaat word die posisionering en beeldvorming van Kamfer, Trantraal, Julius en Pedro deur, enersyds, die digters self, en andersyds, deur agente van die literêre institusie bespreek. Altesaam 114 resensies, onderhoude en ander resepsietekste wat in die periode 2008 tot 2021 verskyn het, is met behulp van Atlas.ti, 'n kwalitatiewe rekenaarprogram, gekodeer en geanalyseer, waarna 'n kritiese diskfersanalise deur die lens van kritiese rasteorie en beeldvorming- en postuurteorie gedoen is. Hoe werk beeldvorming? Wie en wat is betrokke by die beeldvormingproses? Hoe is beeld verbonden aan posisie? Hoe ontwikkel die literêr-kritiese diskfers vanuit verskeie resepsietekste? En wat is die implikasie van die beeldvorming van Kamfer as "die rockster-digter", Trantraal as "die working class hero", Julius as "die vrouestem uit die Noord-Kaap" en Pedro as "die rapper en vakman" binne die konteks van die Afrikaanse literêr-kritiese diskfers? Dié vrae sal oorweeg en beantwoord word.

Dr Jaydey Sass, Universiteit Stellenbosch

Help vreemdetaalstudente met hulle uitspraak | Help foreign language students with pronunciation

Dit is volgens Aso (2020:11) onvermydelik dat vreemdetaalsprekers se uitspraak nieluistervriendelik sal wees. Die ooreenkomste in die klanke wat op nieluistervriendelike wyse uitgespreek word, is veral opvallend wanneer daar geluister word na die uitspraak van sprekers van dieselfde eerste taal wanneer hulle dieselfde vreemde taal praat. Een van die redes hiervoor is dat sprekers dikwels hulle eerste taal as verwysingsraamwerk gebruik om van die doeltaal sin te maak (Romero & Manjarres, 2017:123).

Hierdie referaat fokus op die invloed van vreemdetaalstudente se eerste taal op die uitspraak van hulle doelstaal. Hoewel daar ander faktore is wat 'n invloed het op die aanleer van 'n doelstaal se uitspraak, kan dié faktor dosente help om uitspraakuitdagings te identifiseer en te voorspel (Gilakjani & Ahmadi, 2011:78–79). Voorstelle word gegee om verskeie uitspraakuitdagings (wat met studente se eerste taal verband hou) te hanteer. Met behulp van dié voorstelle kan studente gehelp word om die uitspraak van die doelstaal luistervriendeliker te maak. Die vroegtydige identifikasie en voorspelling van uitspraakuitdagings kan ook daartoe lei dat dosente hulle onderrig só ontwerp dat daar beter voorsien kan word in die uitspraakbehoeftes van die studente (Gilakjani & Ahmadi, 2011:79).

Bronnels

Aso, S. 2020. Analyzing the errors made by undergraduate students in using English prepositions in written texts. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Khartoem: Sudan Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie.

Gilakjani, A. & Ahmadi, M. 2011. Why is pronunciation so difficult to learn? *English Language Teaching*, 4(3):74–83.

Romero, Y. & Manjarres, M. 2017. How does the first language have an influence on language learning? A case study in an English ESL classroom. *English Language Teaching*, 10(7):123–139.

Aletta Simpson, Universiteit Stellenbosch

Wit broosheid en witheid: *In my vel* (2019) deur Azille Coetzee | White fragility and whiteness: *In my vel* (2019) by Azille Coetzee

Die temas witheid en wit broosheid kom aan bod in Azille Coetzee (2019) se outobiografiese vertelling *In my vel*. Volgens DiAngelo (2011:54) is wit broosheid 'n toestand waar die kleinste hoeveelheid stres wat met rassekwessies verband hou onhoudbaar word. Die rasstres sal verdedigende reaksies ontlok (DiAngelo, 2011:54). 'n Kwalitatiewe, tekstuele analyse van Coetzee se kritiese omgang met witheid en wit broosheid in *In my vel* lewer insigte in verband met hoe wit broosheid in Nederland en Suid-Afrika voorkom. Daar is min navorsing oor Afrikaanse letterkunde wat kommentaar lewer op die verskynsel van wit broosheid en daar is min navorsing oor *In my vel*. Dit is die gaping wat hierdie studie vul.

In my vel vertel die verhaal van Coetzee (2019) wat in Nederland gaan studeer en sy verwoord waarnemings oor haar witheid en die witheid van die Nederlanders wat sy teëkom. Coetzee se beskrywing van haar eie rasse-ongemak en wit identiteit, met die klem op wit broosheid, en Coetzee se beskrywing van wit Suid-Afrikaners en Nederlanders word ondersoek. Die volgende hoofbronne oor die tema witheid is geraadpleeg: Melissa Steyn (2001) se *Whiteness just isn't what it used to be*, Steyn en Conway (2012), en Steyn en Foster (2008). Hierdie bronne is gekies omdat dit handel oor witheid in Suid-Afrika. Bronne oor Nederlandse witheid sluit Anousha Nzume (2017) se bespreking in *Hallo witte mensen* in. DiAngelo (2011; 2018) het die term "white fragility" of "wit broosheid" gemunt en *White fragility: Why it's so hard for white people to talk about racism* (DiAngelo, 2018) vorm die grondslag van die bespreking van wit broosheid in hierdie ondersoek.

Bronnelys

- Coetzee, A. 2019. *In my vel: 'n Reis*. Kaapstad: Tafelberg.
- DiAngelo, R. 2011. White fragility. *International Journal of Critical Pedagogy*, 3(30):54–70.
- DiAngelo, R. 2018. *White fragility: Why it's so hard for white people to talk about racism*. Boston: Beacon Press.
- Nzume, A. 2017. *Hallo witte mensen*. Amsterdam: Amsterdam University Press B.V.
- Steyn, M. & Conway, D. 2012. Introduction: Intersecting whiteness, interdisciplinary debates. *Ethnicities*, 10(3):283–291.
- Steyn, M. & Foster, D. 2008. Repertoires for talking white: Resistant whiteness in post-apartheid South Africa. *Ethnic and Racial Studies*, 31(1):25–51.
- Steyn, M.E. 2001. "Whiteness just isn't what it used to be": *White identity in a changing South Africa*. Albany: State University of New York Press.

Dr Danie Stander, Universiteit Stellenbosch

Die opdiep van vrouebewussyn in Reza de Wet se *On the Lake* | Surfacing woman-consciousness in Reza de Wet's *On the Lake*

Reza de Wet is one of South Africa's most acclaimed and translated playwrights. *On the Lake* is one of her most under-researched plays. It forms part of a trilogy of Chekhov-sequels published in 2002 as *A Russian Trilogy*. *On the Lake*'s Chekhovian source text is *The Seagull*. De Wet crops Chekhov's dozen-plus cast of characters to five, restricting them to female characters, all contained in the framing perspective of protagonist-cum-centre-of-consciousness, underlining as such her surfacing of Chekhov's concern with throttled female artistic agency. *On the Lake* is discussed here as De Wet's dramatisation of the co-incidence and correlation of a woman's artistic awakening with psycho-sexual emancipation amidst and at odds with a patriarchal regime. De Wet recasts *The Seagull*'s Nina Mikhailovna Zaryechnaia as the protagonist in *On the Lake* and dramatises her gradual evolution from an actress into a playwright and shedding her emotional dependence on her former lovers. In this paper *On the Lake* is read in comparison with an unpublished draft of it that offers insight into De Wet's writing process and the motivations underlying the final published version. I make a case for De Wet's optimism regarding the artistic and psychological self-actualisation that her protagonist achieves. In view of De Wet's resistance to the moniker *feminism*, Rosemary Curb's term *woman-conscious theatre* is engaged to place De Wet's project in a wider field of woman-centred drama. It "encompasses all drama by and about women that is characterised by multiple interior reflections of women's lives and perceptions" (Curb, 1985:302). I supplement Curb's theory with recourse to Dan McIntyre's narratological work on point of view in plays (2006) in order to unravel *On the Lake*'s complex strategies of focalisation and I employ Jill Dolan's theorisation of female spectatorship to apprehend the implications of De Wet's appointment of Nina as the play's perspectival medium.

References

- Chekhov, A. 1952. *Plays*. Trans. Elisaveta Fen. London: Penguin.
- Curb, R.K. 1985. Re/cognition, re/presentation, re/creation in woman-conscious drama: the seer, the seen, the scene, the obscene. *Theatre Journal*, 37(3):302–312.
- De Wet, R. 2002. *A Russian Trilogy: Three Sisters Two, Yelena, On the Lake*. London: Oberon Books Ltd.
- Dolan, J. 2012. *The Feminist Spectator as Critic*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- McIntyre. 2006. *Point of view in Plays*. Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

Símoné Strümpfer, Universiteit Stellenbosch

Kuns as kommoditeit: Beeldvorming en bemarking betreffende Danie du Toit se digkuns | Creativity as commodity: Imaging and marketing in the work of Danie du Toit

"Kuns as kommoditeit" dien as die eerste leidraad vir die ondersoek na hoe digter en kunstenaar Danie du Toit homself voorstel aan die publiek, en hoe sy digkuns geïnterpreteer word binne die Afrikaanse literêre en kulturele velde. Hierdie referaat bespreek beeldvorming en bemarking soos dit ondersoek is in Du Toit se openbarebeeld. Met behulp van 'n kwalitatiewe benadering ontleed hierdie ondersoek tekste wat rondom Du Toit se digkuns sentreer om sodoende, sy selfvoorstelling en voorstelling deur resensente en die publiek te analyseer.

Hierdie referaat bied 'n insiggewende blik op die sosiale en magstrukture binne die Afrikaanse kulturele en literêre wêreld. Dit kyk kortlik na die Afrikaanse literêre veld om Du Toit se posisie in die veld te ondersoek omdat hy 'n prominente figuur is in die Afrikaanse literêre veld, terwyl daar amper geen akademiese resensies oor sy werk is nie.

Bourdieu se veldteorie word gebruik om vas te stel hoe Du Toit voordeel verkry uit sy posisie in die samelewning, en so ook sy posisie verbeter. Du Toit bemark en stel homself voor as 'n self-gepubliseerde digter in die Afrikaanse kultuur. Hierdie referaat bied insig in Du Toit se openbare identiteit en hoe dit die bemarking van sy digkuns beïnvloed.

Lerie Tredoux, Universiteit Stellenbosch

Die agentskap van 'n vertaler in 'n produksienetwerk: 'n gevallestudie | The agency of a translator in a production network: A case study

Oor die afgelope vier dekades het nuwe insigte oor sowel vertaalprodukte (die vertalings) as die vertaalproses (om te vertaal) die Vertaalwetenskap verryk, maar dit het ook 'n fundamentele tekortkoming aan die lig gebring: 'n Onlosmaaklike komponent van die vertaalproses is op navorsingsgebied afgeskeep, naamlik die vertalers (Dam & Zethsen, 2009:7), ongeag dat hulle die kern van die vertaalaktiwiteit én produksienetwerk is waarbinne die vertaalaktiwiteit geskied.

In hierdie referaat gebruik ek die Suid-Afrikaanse literêre vertaler Elsa Silke as gevallestudie om die agentskap van 'n vertaler in die vertaalproduksienetwerk onder die loep te neem. My referaat is gerig op hoe Silke se agentskap op makrostrukturele vlak daargestel word op grond van haar "simboliese kapitaal" ('n konsep wat ek uit Bourdieu se veldteorie leen), en hoe haar agentskap op individuele vlak gekonstrueer word deur en in mikrostrukturele "netwerke" – 'n belangrike konsep in die akteurnetwerkteorie. Aan die hand van die veldteorie en akteurnetwerkteorie as teoretiese raamwerke is my fokus dus op Silke se optrede in netwerke (d.i. mikrososiologies) en haar posisie en optrede binne groter sosiale strukture, soos die veld van literêre vertaling (d.i. makrososiologies).

Die konsep agentskap is daarom op twee maniere in sowel die Vertaalwetenskap as my referaat relevant: om na vertaling as 'n sosiale aktiwiteit én die vertaler as 'n sosiale agent te verwys (Tyulenev, 2015:17). Kinnunen en Koskinen (2010:6) definieer agentskap as "the willingness and ability to act". Met ander woorde: Die vertaler tree op grond van "wil ek?" en "kan ek?" op, en dit bepaal weer die mate van hulle agentskap. Hiermee wil ek graag ook na my konsepmodel verwys: bereidwilligheid + vermoë → optrede = mate van agentskap. Die data waarna ek verwys om Silke se agentskap te bespreek aan die hand van dié konsepmodel is op onderhoudsdata en 'n inventaris van haar vertaaloewer gebaseer.

Bronnelys

- Dam, H.V. & Zethsen, K.K. (eds.). 2009. Translation studies: Focus on the translator. Introduction to the thematic section. *Hermes*, 42:7–12.
- Kinnunen, T. & Koskinen, K. 2010. Introduction, in T. Kinnunen & K. Koskinen (eds.). *Translators' agency. Tampere studies in language, translation and culture, Series B4*. Tampere: Tampere University Press. 4–10.
- Tyulenev, S. 2015. Agency and role, in C.V. Angelelli & B.J. Baer (eds.). *Researching translation and interpreting*. Londen: Routledge. 17–31.

Elodi Troskie, Universiteit van Kaapstad

Plek-trauma-verbintenis: Dominique Botha se *Donkerberg* (2021) as begeleidingsbundel vir *Valsrivier* (2013) | Place-trauma connections: Dominique Botha's *Donkerberg* (2021) as a guiding text for *Valsrivier* (2013)

Menigte lezers van Dominique Botha se debuutdigbundel, *Donkerberg* (2021), stem saam dat dit as 'n uitbreiding van haar gefiksionaliseerde memoir, *Valsrivier* (2013), funksioneer.

In *Valsrivier* skryf Botha oor die verteller, Dominique, se grootwordjare op die familieplaas in die Vrystaat tydens die apartheidjare en die blywende impak van die dood van haar ouer broer, Paul.

Ooreenstemmende temas word in *Donkerberg* verder ontwikkel met die Vrystaatse landskap en Paul se dood wat sentraal is in die gedigte.

Louise Viljoen (2021) beskou *Donkerberg* as die "poëtiese distillaat" van *Valsrivier* – 'n bundel wat "terugkyk en afhandel". Soortgelyk beskryf Nini Bennett (2022) *Donkerberg* as 'n "digterlike addendum" vir *Valsrivier* terwyl Reinhardt Fourie (2022) dit 'n "begeleidingsbundel" vir Botha se eerste boek noem.

In gesprek met Yves T'Sjoen (2021) sê Botha self dat haar roman en bundel oor soortgelyke kwessies handel, waaronder die landskap en die natuur, die Vrystaat, politiek, persoonlike verlies, en geweld.

In hierdie referaat word daar oorweeg hoe beide *Donkerberg* en *Valsrivier* gelees kan word vanuit 'n lens wat trauma- en plektheorie met mekaar in verband bring. Michelle Balaev (2008) se idees aangaande die getraumatiseerde protagonis word gebruik as wegspringplek vir die bespreking. Balaev dink veral na oor die verbintenis tussen trauma en plek, en voer aan dat die fisiese omgewing die geleentheid bied om te ondersoek hoe beide persoonlike en kulturele geskiedenis in landskappe gesetel is wat literêre karakters se identiteit en traumatische ervaringe definieer.

Enkele gedigte uit *Donkerberg* wat nouliks verband hou met die tematiek van *Valsrivier* word analyseer om die volgende vraag te beantwoord: Hoe is Dominique, die verteller, se herinneringe van trauma verstrengel met haar verwantskap met die Vrystaatse plaaslandskap?

Bronnels

- Balaev, M. 2008. Trends in Literary Trauma Theory. *Mosaic: An Interdisciplinary Critical Journal*, 41(2): 149–166.
- Botha, D. 2013. *Valsrivier*. Cape Town: Umuzi.
- Botha, D. 2021. *Donkerberg*. Dwarsrivier Publishers.
- Bennett, N. 2022. Die natuursimboliek in *Valsrivier* en *Donkerberg* van Dominique Botha. *Versindaba*. Beskikbaar: <https://versindaba.co.za/2022/07/20/nini-bennett-die-natuursimboliek-in-valsrivier-en-donkerberg-van-dominique-botha/> [2023, Augustus 10].

U S A N 2 0 2 4

- Fourie, R. 2022. Donkerberg/Bloodwood deur Dominique Botha: 'n resensie. *LitNet*. Beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/donkerberg-bloodwood-deur-dominique-botha-n-resensie/> [2023, April 10].
- T'Sjoen, Y. 2021. 'Tyd is skemer, tyd is gras' - Tweespraak met Dominique Botha. *Voertaal*. Beskikbaar: <https://voertaal.nu/tyd-is-skemer-tyd-is-gras-%E2%80%92-tweespraak-met-dominique-botha/> [2023, Augustus 10].
- Viljoen, L. 2021. Dubbeldoor-bundel kyk terug, handel af. *Netwerk24*. Beskikbaar: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/dubbeldoor-bundel-kyk-terug-handel-af-20211017> [2023, Augustus 10].

Kruger Uys, Universiteit van Pretoria

'n Edusemiotiese benadering tot multimodale poësieonderrig vir Afrikaans |
An edosemiotic approach to multimodal poetry education for Afrikaans

Poësie-analise speel 'n noodsaaklike rol in die bevordering van kritiese denke, literêre waardering, en taalvaardighede onder leerders. In hierdie referaat word verslag gelewer van 'n studie wat 'n innoverende multimodale onderrigbenadering voorstel, wat tradisionele teksanalise van gedigte en multimodale edusemiotiese analise van ganimateerde poësiefilms combineer. Die doel is om 'n metodologiese raamwerk voor te stel, waardeur poësiebegrippe en -elemente saam met die visuele- en klankelemente in ganimateerde poësiefilms omvattend toegelig kan word.

Tradisionele teksanalise behels close reading, taalkundige ondersoek, en tematiese verkenning om poësiebegrippe te identifiseer, te bespreek en toe te pas. Gekombineer met 'n multimodale edusemiotiese analise van die semiotiese tekens en kodes teenwoordig in die ganimateerde poësiefilm, ontstaan nuwe perspektiewe wat die interpretasie van poësie verryk. Hierdie voorgestelde geïntegreerde benadering versterk die holistiese begrip van poësieterminologie en -elemente, asook komplekse taalkundige en visuele patronen wat visuele geletterdheid, verfynde data-interpretasievaardighede, en leerderbetrokkenheid in die poësieklas bevorder. Ter illustrasie van hierdie fenomeen, word die gedig "My mamma is bossies" deur Jeanne Goosen (voorgeskryf vir Graad 10-huistaalleerders in die KABV-kurrikulum) bespreek.

Dié studie lewer 'n bydrae tot die bestaande Afrikaanse poësiekurrikulum en rus Afrikaansonderwysers in die VOO-fase toe om poësiewaardering, kritiese denke en kreatiwiteit by leerders in die voortdurend veranderende landskap van onderwys aan te spoor.

Anke van der Merwe, Universiteit Stellenbosch

Breyten Breytenbach se poësie: 'n Tematiese ondersoek na die voorkoms van laatwerk | Breyten Breytenbach's poetry: A thematic analysis on the appearance of late style

Breyten Breytenbach is een van Suid-Afrika se mees gevierde digters, met 'n poëtiese oeuvre wat oor meer as 50 jaar strek. Vanweë dié omvangryke oeuvre, en Breytenbach se pen wat nog nie opgedroog het nie, kan sy werk met betrekking tot die teoretiese raamwerk van laatwerk (Said, 2006) ondersoek word. Vir die doel van hierdie studie word Breytenbach se volle Afrikaanse poëtiese oeuvre in vier tydperke verdeel en met mekaar vergelyk met behulp van 'n korpus om vas te stel of tekens van laatwerk wél opgelet kan word.

Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes word gebruik. Die kwantitatiewe analyses word met behulp van 'n korpusprogram gedoen. Dié referaat se fokus is op die temas wat in Breytenbach se oeuvre voorkom. Die kwantitatiewe ondersoek word uitgesonder, met die kwalitatiewe ondersoek wat as ondersteuning dien. Die frekwensie van temas word hoofsaaklik ondersoek, aangesien daar sekere temas is wat kenmerkend van laatwerk is.

'n Tema soos "liefde" word die meeste in sy vroeë poësie (1964-1974) gevind en die tweede meeste in laatwerkfase (1999-hedendaags). Die tronkpoësie (1975-1987) en ná-tronkpoësie (1988-1998) het oor die algemeen 'n ander tematiese "landskap". Die meeste van die geïdentifiseerde temas word in sy laatwerkfase gevind. "Dood", "tyd" en "verjaardag" is die temas wat die meeste in die laatwerkfase voorkom en so word die laatwerkteorie bevestig. "Dood" kom uit al die temas die tweede meeste voor in die laatwerkfase en dit ondersteun my hipotese dat daar tekens van laatwerk in Breytenbach se latere werk gevind kan word.

Daar is 'n verskuiwing na laatwerk opgelet in die oeuvre binne die temaparameter en die verskuiwing is reeds sigbaar na die eerste fase. Ek bespiegel dat daar moontlik twee soorte laatwerk in Breytenbach se poëtiese oeuvre te vind is.

Bronnels

Said, E.W. 2007 [2006]. *On late style. Music and literature against the grain*. New York: Vintage Books.

Kanja van der Merwe, Universiteit Stellenbosch

Die nut van taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding | Utilising language learning strategies for process-oriented interpreter training

Tolking is 'n komplekse kognitiewe aktiwiteit waartydens verskeie strategieë deur tolke gebruik word om hulpbronkrisisbestuur uit te oefen. Van die debatte in tolkkringe is die mate waartoe tolkvaardighede aangeleer kan word en watter metodes en strategieë in die klaskamer die beste vir tolke in opleiding is. In hierdie referaat ondersoek ek die nut van taalaanleerstrategieë vir tolkopleiding en -aanleer, aangesien dit moontlik is dat 'n enger fokus op probleemgerigte en intydse gebruik van tolkstrategieë uit 'n strategiese oogpunt nie voldoende vir tolkopleiding is nie. Dié invalshoek word gemotiveer deur die perspektief dat sowel tolking as taalaanleer 'n prosesgerigte, selfstandige en lewenslange leerproses is.

Oxford (1990) se taalaanleerstrategie-model is as teoretiese raamwerk vir prosesgerigte tolkopleiding (Gile, 2009) benut met die voorspelling dat indirekte strategieë in tolking en tolkopleiding oor die hoof gesien word. Oxford (1990) se model bestaan uit 35 direkte (geheue-, kognitiewe en vergoedingstrategieë) en 27 indirekte (metakognitiewe, affektiewe en sosiale strategieë) taalaanleerstrategieë. Direkte taalaanleerstrategieë word ingespan om die doeltaal onder die knie te kry en indirekte strategieë word vir die bestuur van leer aangewend. Bestaande tolkstrategieë is aan die hand van Oxford (1990) se taalaanleerstrategie-model as direkte of indirekte strategieë getypeer. In 'n ondersoek van die bestaande literatuur oor prosesgerigte tolkopleiding is 42 tolkstrategieë geïdentifiseer. In totaal kan 32 van dié strategieë – insluitende die tolkstrategieë waarna daar die meeste in die literatuur verwys word, soos antisipering, verdeling en herformulering – na aanleiding van Oxford (1990) se model as direkte strategieë getypeer word. Die tien strategieë wat as indirek getypeer kan word, is die strategieë wat die minste in die literatuur oor prosesgerigte tolkopleiding voorkom: om kalm te bly, met 'n ander party te kommunikeer en om te selfevalueer. Dié bevindinge ondersteun die uitgangspunt dat indirekte strategieë in prosesgerigte tolkopleiding oor die hoof gesien word. Daar word vervolgens 'n beroep op navorsers gedoen om aandag aan die metakognitiewe, sosiale en affektiewe aspekte van tolkopleiding te skenk deur veral die gebruik van indirekte tolkaanleerstrategieë te ondersoek.

Bronnels

Gile, D. 2009. *Basic Concepts and Models for Interpreter and Translator Training*. 2de uitgawe.

Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

Oxford, R.L. 1990. *Language Learning Strategies: What Every Teacher Should Know*. Boston: Heinle & Heinle.

Merlyn van der Rhee de, Universiteit Stellenbosch

'n Kritiese ondersoek na die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe | A critical investigation into the language shift away from Afrikaans in urban Coloured middle-class communities

In hierdie referaat word verslag gelewer oor navorsing wat gedoen is in stedelike bruin Afrikaanssprekende middelklasgemeenskappe oor identiteit, taalhoudings en taalverskuiwing in twee provinsies: Gauteng en die Wes-Kaap.

Die navorsing het ten doel om te bepaal of:

- daar definitiewe faktore is wat 'n rol speel in die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe; en
- Afrikaans 'n identiteitsmerker vir die bruin middelklasgemeenskap is.

"The language spoken by somebody and his or her identity as a speaker of this language are inseparable: This is surely a piece of knowledge as old as human speech itself. Language acts are acts of identity" (Le Page & Tabouret-Keller, 1985).

"Hong et al. (2001) says that language preference is a way speakers ascribe and accept or reject group membership or identification" (Kamau, 2022).

Die bogenoemde twee stellings staan sentraal binne hierdie studie.

In sy boek, *Cape Town: a place between*, verwys Henry Trotter na die Kaapse bruin mense as 'n gemeenskap wat tussen swart en wit is, tussen 'n boorling en setlaar, afkomstig van Afrika en Europa, die "Kaapse Kleurlinge". Petrus en Isaacs-Martin (2012) deel dieselfde sentimente. 'n Siening dat bruin mense steeds worstel met identiteitskwessies, soos hulle dit stel, is toe te skryf aan die feit dat die betekenis van identiteit 'n probleem vir bruin mense is (Petrus & Isaacs-Martin, 2012:1). Maar is dit die werklikheid?

Die kompleksiteit rondom taal en identiteit van bruin mense in Suid-Afrika is gewortel in die land se geskiedenis van rassesegregasie en diskriminasie.

Hierdie referaat is gebaseer op sosiolinguistiese navorsing in taalhandhawing en -verskuiwing. Die studie van Anthonissen (2012) is verken ten einde die agtergrond van taalverskuiwing in die bruin Afrikaanse middelklasgemeenskap beter te verstaan. Die oortuigings en houdings wat in dié ondersoek aangaande die taalhoudings geopper word, moet binne hierdie konteks verstaan word. Dit wil sê daar kan nie veralgemenings gemaak word omtrent taalhoudings jeens Afrikaans in die algemeen nie, óf om die resultate na die ander Afrikaanse bruin-gemeenskappe uit te brei nie.

Daar is op die middelklas¹ besluit omdat betreklik min navorsing oor taalverskuiwing in hierdie groep uitgevoer is, asook omdat hulle 'n sekerevlak van sosio-ekonomiese status, opvoeding en ekonomiese stabiliteit bereik het. Hulle mag toegang hê tot 'n beter opvoeding, werksgeleenthede, en 'n relatief hoër lewenstandaard in vergelyking met die breër bruin bevolking, en woon dikwels in stedelike of voorstedelike gebiede. Die navorsing het gekies om die sosiale status van die respondent te baseer op hul akademiese kwalifikasies en sosiale klas.

Die eerste vorm van kommunikasiemedium tussen die navorsing en die voorgestelde deelnemers was per e-pos waarin die navorsing haar studie verduidelik het en die deelnemers vrywillig moes instem om aan hierdie studie deel te neem. Nadat die respondent vrywillig ingestem het om deel te neem, is die vraelys per e-pos aan hulle gestuur. Die finale groep het bestaan uit 67 Afrikaanssprekende volwassenes uit die bruin middelklasgemeenskap, woonagtig in Pretoria en Johannesburg en die Wes-Kaap, en het sowel manlike as vroulike persone ingesluit. Die toetsresultate het aangedui dat die respondent 'n goeie begrip gehad het van die onderwerpe wat ondersoek was.

Die voorlopige navorsing bewys dat die bruin middelklasgemeenskap Engels sien as 'n taal wat met sosiale en ekonomiese geleenthede en vooruitgang verband hou. Volgens hulle verleen Engels toegang tot die res van die wêreld en oor kleurgrense heen, en sommige ag Engels as die taal van bevryding. Daar is egter ook 'n beduidende poging van 'n groep bruin Afrikaanssprekendes om veeltaligheid te bevorder en om die diversiteit van tale en kulture in Suid-Afrika te erken en te respekteer.

Bronnels

- Anthonissen, C. 2012. Bilingualism and language shift in Western Cape communities. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS*, 38:61–76.
- Dyers, C. 2008. Language shift or maintenance? Factors determining the use of Afrikaans among some township youth in South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 38:49–72.
- Kamau, R. 2022. The role of language in the national identity of a socially dynamic society. European *Journal of Linguistics*, 1(1):52–58.
- Neethling, D. 1998. Language attitudes and identity – Influences on language use among two Coloured communities in Kensington-Factreton. Ongepubliseerde tesis. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Petrus, T. & Isaacs-Martin, W. 2012. The Multiple Meanings of Coloured Identity in South Africa. *African Insights*, 42(1):87–102.
- Savedra, M., Rosenberg, P. & Macedo, A. 2021. Language and ethnicity among coloured students in Cape Town. *Gragoatá*, 26(54):380–404.
- Steyn, J. & Duvenhage, A. 2011. Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: Tendense en toekomsperspektiewe. *LitNet Akademies*, 8(3):195–241.
- Le Page, R. & Tabouret-Keller, A. 1985. *The language spoken by somebody and his or her identity as a speaker of this language are inseparable: This is surely a piece of knowledge as old as human speech itself. Language acts are acts of identity* [Intyds]. Beskikbaar: <https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1002/9781405166256.ch19>
- Trotter, H. 2020. *Cape Town: a place between*. Kindle Edition [2023, Oktober 14].

¹ As gevolg van die ongelykhede ten opsigte van geleenthede, opvoeding, voorregte en inkomste, het die verskillende klasse ontstaan.

Baie dankie aan ons borge! | Thank you very much to our sponsors!

